

DIE REDENAAR AS DIE
IDEAAL VAN DIE
ONTWIKKELDE MAN BY DIE
ROMEIN.

REDE

UITGESPREEK BY DIE AANVAARDING VAN
DIE PROFESSORAAT IN LATYN AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
5 MEI 1939

DEUR

H. L. GONIN, B.A. (Stell.), M.A. (Oxon.),
Litt.D. (Leiden).



PRETORIA
1939.

DIE REDENAAR AS DIE
IDEAAL VAN DIE
ONTWIKKELDE MAN BY DIE
ROMEIN.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT
VAN PRETORIA.

Reeks IV: Intreeredes, No. 18.

DIE REDENAAR AS DIE
IDEAAL VAN DIE
ONTWIKKELDE MAN BY DIE
ROMEIN.

REDE

UITGESPREEK BY DIE AANVAARDING VAN
DIE PROFESSORAAT IN LATYN AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
5 MEI 1939

DEUR

H. L. GONIN, B.A. (Stell.), M.A. (Oxon.),
Litt.D. (Leiden).



PRETORIA
1939.

Meneer die Rektor,
Here Professore en Lektore,
Dames en Here Studente,
U almal, voorts, wat hierdie plegtigheid met u teenwoordigheid
vereer,
Geagte toehoorders,

Dit hoort nogal by die klassieke tradisie om 'n betoog met 'n gemeenplaas te laat aanvang, met 'n bewering waarvan die waarheid algemeen erken sal word en waarop verdere argumente gegrond kan word. In hierdie geval kan ons begin met te beweer dat 'n mens, om 'n volk te verstaan, sy strewe moet probeer begryp. Wat daardie strewe is, sal 'n ondersoek na die onderwysstelsel gewoonlik leer. Blyk dit dat so 'n stelsel daarop gemik is om 'n individu met sekere eienskappe en vermoëns voort te bring, sal dit sekerlik die moeite loon om dié eienskappe van naderby te beskou, daar ons sodoende op die spoor van 'n nasionale ideaal kom.

Laat ons dan eers vasstel wat die Romein in die lewe beoog. Wat maak die bestaan vir hom die moeite werd? Wat maak dit in die woorde van die digter 'n *vita vitalis*? Onder „die” Romein word hier begryplikerwys die man uit die hoëre stand verstaan, die man wat ekonomies onafhanklik is en oor die nodige tyd beskik om sy volk te dien, en tegelyk ook homself te laat geld. En van daardie klas kan ons beweer dat dit hul strewe was om in die politiek 'n rol te speel, daar die handelslewe vir hulle gesluit was; 'n politieke rol het as voorvereiste gehad òf militêre aanleg òf die vermoë om oor-tuigend in Rome op te tree, òf, verkieslikerwys, albei hierdie vermoëns.

Daar was wel verskillende ideale, maar dit staan vas dat die gemiddelde Romein van stand homself van jongsaf as 'n toekomstige generaal gesien het. Dog om 'n militêre bevel te verkry, moes hy eers sekere ampte in Rome vervul, en om daarin te slaag moes hy voor die volk kon optree. Dis dus geensins toevallig dat Sallustius ¹⁾ reeds in die eerste sin van sy karaktervergelyking tussen Caesar en Cato ook na die welsprekendheid (*eloquentia*) van die twee manne verwys nie. Die oor het in die oudheid 'n veel gewigtiger rol as vandag gespeel: die gesproke woord het die rol van die hedendaagse pers vervul. Tot hoe 'n mate dit die geval was, kan ons ons moeilik inbeeld, tenspyte daarvan dat die radio steeds meer en meer by ons die lewende woord in sy reg herstel. Vir die belangrikheid van die redenaar in Rome vind ons 'n eienaardige bevestiging in 'n buitengewone vergelyking van Vergilius in die eerste boek van die Aeneïs waar hy beskryf hoe die seegod die storm stil: „En soos dikwels wanneer daar onder 'n magtige volk oproer ontstaan het en die lae gepeupel woens word in hul gemoedere en reeds vlieg daar

1) Sall. Cat. 54. Vgl. o.a. Tac. dial. 37.

stukke brandende hout en klippe—die woede verskaf die wapens—dan as hulle miskien die een of ander man in die oog gekry het wat gesag het om sy goedheid en verdienstes, swyg hulle en staan daar met aandagtige ore; met sy woorde rig hy hul gemoedere en streel hul harte; so het al die rumoer op die see bedaar . . . ”²⁾

'n Mens hoor soveel van die Romeine se legioene en hul roemryke wapendade dat dit nogal bevreemdend is om te verneem met watter sorg en liefde dié volk op sy taal gelet het.³⁾ Toegegee: dit was geen blote sentimentele belangstelling nie. Politieke omstandighede in Rome het immers meegebring dat 'n eersugtige burger sonder die eienskap van welsprekendheid geen openbare rol kon speel nie. Dis wel waar dat sommige van die vooraanstaande figure in die Romeinse geskiedenis in die eerste plek generaals was en geen staatsmanne nie.⁴⁾ Dog ook die generaal moes sy woord kon doen; en dit nie slegs vir die verkryging van die ereampte wat aan sy generaalskap moes vooraf gaan nie. Selfs in die verste uithoeke van die Ryk het die woord dikwels die deurslag gegee, en kon 'n aanvoerder met 'n deeglike beheer oor sy taal die grens beveilig of deur sy wanhopige troepe tot nuwe inspanning aan te vuur, of deur opstandige onderdane en muitende soldate tot beter insigte te bring.⁵⁾

Wat as eis vir die generaal geld, geld in 'n veel hoër mate vir die politikus sondermeer wat in die hoofstad 'n rol wou speel. Afgesien van sy optrede in die geregshof, moes hy op suiwer politieke gebied in twee heeltemal verskillende soorte omgewing sy woord kon doen. Eerstens moes hy weet hoe om, waar nodig, die gepeupel na die mond te praat wanneer hy die verskillende volksvergaderings toespreek. Dit lê voor die hand dat die versoeking sterk was om na demagogiese kunste te gryp: in Rome was daar Glauca's nes die Atheense demokrasie vroeër sy Kleons gehad het. Tweedens moes 'n openbare figuur sy standpunt in die Senaat kon verdedig; hier was die omgewing veel meer ontwikkel; hier het alleen persone van

2) vv. 148-154. Dit is om twee redes eienaardig: (a) dis tipies Romeins, en nie soos die meeste vergelykings in Vergilius uit Homerus oorgeneem nie; (b) die grotere word met die kleinere vergelyk, die natuurmagte se beroering met die gewoel van die volk. Baie van Vergilius se lesers sou by die lees van hierdie verse vir hulle 'n helder beeld voor die gees kon roep van die politieke raserny en die wanorderlike vergaderings wat aan die tydperk van Augustus voorafgegaan het. Soos 'n mens byna van die belese Quintilianus sou verwag, verwys hy na hierdie vergelyking waar hy in sy laaste boek die volkome redenaar behandel (12.1.26-7).

3) Sandys, *Cic. ad Brut. Orat.*, *Introd.* p. lxi en *Quint.* 10.1:100; trots op taalkonkordie: *Cic. de Orat.* III, 29; 53; 91-2; 95; die taal as *differentia* van die mens: *ibid.* I, 32.

4) Dit sou nie billik wees om hier in die eerste plek aan Pompeius te dink nie; sy reëlins in die Ooste ná die stryd teen Mithridates getuig terdeë van staatsmanskap. Maar temidde van die politieke geknoei in die hoofstad was hy bitter ongelukkig.

5) As spreker het Pompeius hoog aangeskrewe gestaan (*Cic. pro lege Man.* xiv.42; *Cic. Brut.* 68.239; *Tac. dial.* 37). Vgl. die rol van Germanicus tydens die opstand van die troepe aan die Ryn in 14 n. Chr. (*Tac. Ann.* I, 31-49, veral cc. 42-4). Verder *Quint.* 12.1.28.

rype ondervinding gesit, manne wat reeds verskeie ampte gevul het en op die manier die staat gedien het. Natuurlik was 'n heel ander spreekstyl aangewese, en sou die meer voor die hand liggende kuns-grepies van die demagoog hier weinig bereik. Wat nie wil sê dat die Senaat nooit deur 'n redenaar tot geesdrif geprikkel kon word nie. Inteendeel. Die Senaat van die latere Republiek was geensins die ysige „vergadering van konings” soos Pyrrhus se gesant twee eeue vroeër beweer het nie. Ook die Senaat kon oor 'n skitterende rede in vervoering raak, maar dit sou eerder 'n estetiese ekstase wees as 'n beroering wat deur die laere drifte van die mens veroorsaak word.⁶⁾ Dit was die strewe van elke eergierige Romein om voor hierdie liggaam sowel as die volksvergadering met vertroue te kan optree: die welsprekende man, die volkome redenaar was een van die Romeinse ideale.

Laat ons nagaan hoe die Romeine die redenaarskuns beskou het. Dit mag heelmoontlik blyk dat ons in hierdie verband iets van hulle kan leer, hoewel die hoofklem van die bespreking nie juis op die didaktiese sy hoef te val nie. Ons stel in die ervarings van die Romeine belang omdat hulle mense was, omdat hulle 'n groot volk was, maar veral omdat hulle hul stempel so sterk op hul omgewing afgedruk het, dat dit deur die eeue heen voortgeduur het en vir hulle tot ons geestelike voorouers gemaak het. Baie wat ons van hulle oorgeërf het, was nie hulle eie maaksel nie, maar eerder dinge wat hulle weer van ander oorgeneem het; tog maak dit ons nog nie van die verpligting los om 'n bietjie in die volk belang te stel wat die besit aan ons deurgegee het nie.

Juis die redenaarskuns was geen oorspronklike uiting van hul gees nie. Hulle was nie die eerste mense wat in hul taal as uitdrukkingsmiddel belanggestel het nie. Op hierdie belangrike gebied, nes op baie ander, was dit die Grieke wat die fakkel aangesteek het. Van hulle het ons ook die woord „retoriek” gekry; dit beteken „die (kuns) van die rhetor” of redenaar. By ons staan die woord in slegte reuk; dis een van dié ongelukkige woorde wat beter dae geken het. Van die onskuldige betekenis hierbo aangegee, het dit langamerhand afgewyk totdat dit vandag 'n kleur het van woorde wat sonder opregtheid aangewend word omdat hulle geleerd of klankryk is, woorde sonder werklike inhoud, maar kasting indrukwekkend en meeslepend. Aan dié agteruitgang het reeds die Grieke skuld gehad. Gelukkig was daar van die Romeine wat daarin geslaag het om die kuns weer op te hef, te veredel en in ere te herstel.⁷⁾

Die Grieke was analities van gees. Hulle wou alles van naby ondersoek en uitvind aan watter *wette* dit onderworpe is — ook die mees alledaags dinge. En wat is daar meer alledaags as die taal

6) Cic. in een van sy briewe (ad Att. I.14.4) „Quid multa? Clamores!” (i.v.m. 'n toespraak wat hy in die Senaat gehou het).

7) Tacitus is goed bewus van die geur wat aan „retoriek” kleef: dial 32 en 35.

waarvan die mens hom bedien? Om die taal meer doeltreffend te kan aanwend, het hulle dit ontleed en die verskillende stylfigure van mekaar onderskei. Hulle het reëls neergelê vir die samestelling van toesprake en pleidooie: *die bewuste redenaarskuns is gebore*. Nou wil dit nie sê dat daar voor hierdie taalstudie geen redenaarskuns was nie. Daar was vantevore groot redenaars, en daar was die welsprekendheid van die Homeriese epos. Die nadruk val op die *bewustheid* van die kuns: dit was 'n groot stap vooruit toe die Grieke begin het om nie slegs hul taal te gebruik nie, maar ook die talryke middele daarvan willend en wetend aan te wend. Molière se M. Jourdain was in die wolke toe hy moes verneem dat hy sy lewe lank prosa gepraat het en dit nooit geweet het nie. Vir hom was die stap van die onbewuste na die bewuste gebruik van sy taal 'n ware beleving! Ons lag oor sy naïviteit; dis die komiese van die toneel. Maar ook volke moet daardie naïewe stadium deurmaak. Miskien sou dit suiwerder wees om te sê dat in die geskiedenis van die mensheid één begaafde volk dit moes deurmaak, en dat alleen hulle die ondervinding in al sy spontane frisheid kon geniet omdat alleen hulle die ontdekking self gemaak het.

Die Romeine het dus nie self die oë na hul taal gekeer nie. Die Grieke moes hul aandag daarby bepaal. Maar netso min as die Romeine kan die moderne kultuurvolke hul daarop beroem dat hulle spontaan tot daardie stap oorgegaan het. Daarom kan dit die moeite loon om na te gaan wat die invloed van die nuwe ervaring op 'n volk was wat nogal heelwat ooreenkomste met ons volk toon, al het hulle onder heel ander omstandighede en in 'n heel ander tyd gelewe.⁸⁾

'n Oorsig van die ontwikkeling wat die redenaarskuns by die Grieke deurgemaak het, sou ons te ver voer. Dis hier genoeg om te onthou dat die uitvindings van die kuns al die moontlikhede daarvan uitgevors het voordat die Romeine daar kennis mee gemaak het, maar dat Iq. dit nie heelhuids kon oorneem nie, dog heelwat aanpassingswerk moes doen. Die verskil in die geaardheid van die twee tale het meegebring dat baie kunsreëls gewysig moes word.

* * *

Voordat die redenaarskuns tot bloei kan geraak, moet daar vryheid van die woord wees; dis altans 'n noodsaaklike voorvereiste vir die *ontstaan* van die ware woordkuns, daar dit op die politieke

8) Veral professor Haarhoff het al dikwels op hierdie ooreenkoms gewys.

9) Dit het Tacitus opgeval dat die geleentheid vir grootse welsprekendheid alleen onder politieke wantoestande ontstaan: „daardie groot en roemryke welsprekendheid is die kwekeling van die losbandigheid waaraan gekke die naam vryheid gegee het; dis die metgesel van oproere, die prikkel vir 'n onbeteuelde volk, ken geen gehoorsaamheid, geen waarheid nie; dis iets weerspannigs, vermetels en aanmatigends wat in ordelike gemeenskappe nie ontstaan nie” (dial. 40; vgl. c. 37). Meer modern uitgedruk: dis 'n orgidee, 'n plant wat in verrotting gedy, maar skoon om te aanskou.

terrein is wat die welsprekendheid die aanloklikste pryse voorhou.⁹⁾ Maar as nou, nadat die woord tot sy reg gekom het, die politieke vryheid verlore gaan, kan die belangstelling in die taal natuurlik voortduur, soos heel duidelik met die koms van die Keiserryk in Rome die geval was. Hiervoor kan minstens twee goeie redes gevind word. Eerstens is daar in 'n ontwikkelde maatskappy, selfs onder 'n alleenheerser, altyd geleentheid genoeg om in die gereghowe op te tree, sodat die studie van die taal praktiese nut meebring. Tweedens kan die beoefening van die woordkuns 'n doel op sigself word. Waar die Romeinse hoëre opvoeding sy gebied baie wyd geneem en 'n deeglike studie van die letterkunde as propaedeusis vir die redenaar vereis het, kon dit nog heel goeie dienste lewer ook afgesien van enige nut vir advokate.

Dit was juis die algemeen beskawende aard van die vooropleiding wat sulke lewensvatbaarheid daaraan verleen het. Tog bly dit die waarheid dat die voortdoring van hierdie soort opvoeding onder wesenlik gewysigde staatkundige omstandighede, al taamlik gou die letterkunde soos 'n besmetting aangetas het, en dat die meeste skrywers voor die verlokkinge van pittige, gevatte gesegdes geswig het — daardie *sententiae* wat die letterkunde van die tydperk oorheers. Onder Augustus het die kultuurstroom uit Griekenland selfs nog sterker as in die dae van Cicero gevloei; in die eerste eeu n. Chr. was die redenaar nog die puikproduk van die skole. Miskien is daar nou, onder die Keisers, — veral onder 'n Tiberius en 'n Domitianus — selfs strenger eise aan sy vindingrykheid gestel: hy moes nie slegs met die positiewe norme van sy kuns kennismaak nie, maar ook leer wat om *nie* te sê nie, of *hoe* om dit nie te sê nie.

Dit word nou nodig om 'n oomblikkie by die Romeinse opvoeding¹⁰⁾ stil te staan ten einde die genesis van die aanstaande redenaar gade te slaan. Reeds in die 3de eeu v. Chr. was die invloed van die Griekse letterkunde sterk in Rome, en het dit die ou opvoeding in dié sin gewysig dat daar nou meer nadruk op die verstandelike sy geval het. Weldra het ook die retoriek sy intog gemaak: teen die jaar 100 v. Chr. was daar al onderwysers in Latynse retoriek¹¹⁾ in navolging van dié wat in Grieks onderrig gegee het. Steeds meer en meer het die klem op die intellektuele geval, totdat die reaksie moes kom, en Quintilianus dit sy plig geag het om daarop te wys dat meer aandag aan karaktervorming bestee moes word.¹²⁾

Gedurende die eerste eeu vóór en die eerste eeu ná Chr. was dit die doel van die gevorderde inrigtinge om redenaars te lewer; ja, dit kan selfs skerper gestel word: dit was nagenoeg hulle uitsluitende doel. Weliswaar het maar 'n klein minderheid die voorreg gehad om die hele kursus te deurloop; maar aangesien ons probeer vasstel wat die *ideaal* van die Romeine op hierdie gebied was, is dit

10) Wilkins, „Roman Education” gee 'n kort maar helder uiteensetting.

11) Tac. dial. 35. Wilkins, Cic. de Orat. Introd. p. 50:

12) Quint 12. 1 en 2; ook 1. pr. 9.

Verder wys Cicero weer op die wenslikheid van onvoorbereide naas ingestudeerde toesprake, en veral van stel oefeninge, waarvan hy sê dat hulle veel arbeid vereis.¹⁷⁾

Die stelsel het sy beperkinge gehad; dis maklik om die een-tonigheid van die temas te beklemtoon; ten gunste daarvan val op te merk dat die leerlinge geoefen moes word om hulle gedagtes duidelik en bondig te stel. Daar is sekere paadjies wat almal moet bewandel; dat dit vir die onderwysers langsamerhand vervelig begin word het, is begryplik. Dit is dan ook van hulle wat ons die meeste klagtes verneem.¹⁸⁾ Naas die skoolopleiding sou 'n mens sondermeer kan veronderstel dat daar in Rome geleentheid genoeg was vir aanskouingslesse, waarby die aspirantredenaar voor-aanstaande sprekers kon waarneem en naboots. Dit was trouens in die ou dae, voor die koms van die retoriek, die enigste metode. „Op die manier, sê Tacitus, het die jongmanne die vegkuns op die slagveld self geleer.” Selfs Cicero het nog — in die eerste eeu dus — veel baat daarby gevind.¹⁹⁾

* * *

Watter eienskappe is daar nou in die ideale redenaar gesoek? Twee skrywers veral kan as gesaghebbende bronne beskou word om op hierdie vraag te antwoord. Eerstens Cicero self, die skitterendste redenaar wat Rome opgelewer het, een wat in die praktyk geskool was en verskeie werke oor die redenaarskuns geskryf het. Ons bepaal ons hier tot sy uitlatings in die dialoog „De Oratore,” wat hy in die jaar 55 v. Chr. geskryf het toe hy reeds die hoogste sport as redenaar bereik het. 'n Honderd en vyftig jaar later het Quintilianus, die grootste leermeester van sy tyd, sy emeritaat aanvaar en die vrugte van 'n twintigjarige ondervinding te boek gestel. Hy het sy werk „Die Opvoeding van die Redenaar” genoem. Hy is 'n vurige aanbieder van Cicero.

In die genoemde dialoog vra Cicero hom af waarom voortreflike sprekers so seldsaam is, terwyl daar geen tekort aan skitterende figure op ander gebiede is nie: daar was al talryke bekwame generaals en groot digters en wysgere. „En, sê hy, dit moet des te meer wonder wek, daar die onderwerpe van die ander kunste so te sê uit geheime en verborge bronne geput moet word, maar die hele metode van die spreekkuns vir almal toeganklik is en hom met die algemene gebruik en taal en spraak van die mense bemoei, sodat in die geval van die ander kunste dit die mees voortreflike is, wat die verste van die oningewydes se begrip en verstand aflê, maar dit in die spreekkuns juis die érgste vergryp is om af te wyk van die alledaagse

17) Cic. de Orat. I.257.

18) Juv. se Jeremiade (Sat. 7.150-241). Let veral op die presiese kennis waarop in vv. 231-6 gesinspeel word; vgl. Quint. se eise (1.2.14).

19) Tac. dial. 34

soveel tyd voor nodig dat hy sy hele lewe sal moet slyt in voorbereiding vir lewe. Dis nie nodig om 'n volledig toegeruste wysgeer te wees om die menslike gemoedsaandoeninge te begryp nie. Selfs vir sake in die hof is 'n deeglike regskenning nie noodsaaklik nie, daar die grootste regsgeleerdes tog dikwels van mekaar verskil, en nie kennis nie, maar welsprekenheid dan die deurslag gee! Om met die algemene beginsels vertrouwd te wees, is heeltemal genoeg; vir 'n bepaalde saak kan 'n mens jou lig by die vakmanne gaan opsteek.²⁵⁾ Quintilianus, met die praktiese insig van iemand wat die oorlaaide leerplan heelgoed ken, kom tot die gevolgtrekking dat Cicero te veel verwag.²⁶⁾

Die meeste antieke skrywers oor die onderwerp was dit eens dat 'n redenaar tot vyf dinge in staat moes wees as hy sukses wou behaal: hy moes materiaal kon vind, argumente om sy standpunt te staaf (*inventio*); hy moes hierdie stof op die doeltreffendste manier kon indeel en rangskik (*dispositio*); hy moes hom van 'n verstaanbare en elegante taal bedien (*elocutio*); hy moes 'n betroubare geheue (*memoria*) hê om sy toespraak te kan onthou; en hy moes oor 'n oortuigende voordrag, stem en gebare beskik (*pronuntiatio*). Dis onmoontlik om by al hierdie eise stil te staan; dit sou miskien raadzaam wees om ons tot twee te beperk wat vir die moderne mens van nut kan wees omdat hulle in dieselfde mate by die skryfkuns te pas kom: *dispositio* en *elocutio* (styl).

A. Wat die rangskikking ²⁷⁾ betref, lê dit voor die hand dat 'n redevoering sodanig saangestel moet wees dat die gehoor die gang daarvan maklik kan volg. Die oorgange moet duidelik wees en die *dispositio* oorsigtelik. Ons staan hier alleen by een van die drie soorte redevoering stil nl. pleidooie in die hof ²⁸⁾ Reeds die Grieke het daartoe oorgegaan om 'n toespraak van hierdie aard in vyf duidelik waarneembare onderdele te skei, hoewel een of twee van hulle soms weëns die omstandighede van die saak agterweë gelaat kon word.

(i) Die aanhef of *exordium* moes kort en boeiend wees. (Somme skrywers het as absolute maksimum vier sinne voorgeskryf). Besondere aandag is daaraan bestee, want deur die aanhef moes die geneëtheid van die regter en die juriesede erlang word. Eenvoud moes ten alle koste nagestreef word om die indruk van ongekunsteld-

25) de Orat. I. 213 en volg.; samevatting 251-3 en 260-2; i.v.m. regskenning 234-245.—Elders is Cicero weinig vleiend teenoor die juriste: „By ons merk ons op dat diegene wat dit nie tot redenaars kon bring nie, hul toevlug tot die regsgeleerdheid neem” (Aangehaal deur Quint. 8.3.79). In teenstelling met Antonius voel Tacitus vir die wyere opleiding (dial. 32).

26) Quint. 2.21, 14-6.

27) Quintilianus behandel hierdie onderwerp tot in die fynste besonderhede; veel van wat hy sê, sou met groot voordeel deur meer as een moderne spreker ter harte geneem kan word.

28) Die ander twee soorte is die lofrede (of sy teenoorgestelde) en die beradslaging.

heid te wek. „Maar” waarsku Quintilianus „om die kuns te verberg, is juis die grootste kuns.”²⁹⁾ ’n Bietjie verder maak hy van een van die beelde gebruik waaraan sy werk so ryk is: „In geen ander onderdeel maak geheueverlies en gebrek aan vlotheid ’n swakker indruk as juis hier nie, want ’n swak aanhef is soos ’n gesig vol littekens; en dié een is seker die swakste stuurman wat teen iets vasvaar terwyl hy nog maar by die hawe uitseil.”³⁰⁾

(ii) Nou volg die tweede deel, die *narratio* of uiteensetting van die feite. Dit dien om inligting te verskaf, moet helder en ter sake wees, en geen beroep op die gevoelens bevat nie. As die feite ingewikkeld of talryk is, moet vooraf ’n kort indeling gegee word sodat die toehoorder nie kan verdwaal nie (in Quintilianus se woorde) „net soos ons vermoedigheid op reis minder word by die lees van die afstande op die mylpale.”³¹⁾

(iii) Die derde deel is die vernaamste; dis die *probatio* of bewysvoering. Heelwat ruimte word daaraan gewy. Die advokaat moes ’n besondere skerp insig in karakter hê as hy van die kruisverhoor ’n sukses wou maak. Vermoedelik word daar vandag nog in ons geregshowe vir ’n deel op die wenke van Quintilianus gehandel waar hy opmerk: „’n Vreesagtige getuie kan geïntimideer en ’n gek om die tuin gelei word; ’n opvlieënde man kan uitgelok en ’n verwaande een gevlei word; maar die verstandige en besliste getuie moet onmiddellik op grond van beweerde vyandigheid en koppigheid verwyder word; of anders moet sy verklarings nie d.m.v. ’n uitvoerige kruisverhoor nie, maar met ’n kort ondervraging deur die verdediging weerlê word; of anders (as derde moontlikheid) moet hy, as die kans hom voordoen, deur die een of ander geestige opmerking koudgelei word. . . . Maar dit het al soms geblyk dat dit voordelig is om opregte en eerbare getuies nie venynig aan te val nie, want dikwels word mense wat hulle heftig teen ’n aanvaller sou verweer het, deur beleefde behandeling week gemaak.”³²⁾

(iv) Vierdens moes die teenstander se argumente deur die *refutatio* weerlê word; en aangesien dit nie moontlik was om al sy gedagtes te voorsien en met die oog daarop voorbereidsels te tref nie, moes die redenaar oor ’n ratse en lenige gees beskik. Daar is ’n verhaal van ’n sekere digter wat besondere sukses met die dialoog in sy dramas behaal het; aan hom is gevra waarom hy, wat sulke skitterende argumente kon uitdink, nie advokaat wou word nie. Sy antwoord was dat sy persone op die toneel sê wat *hy* wil hê dat hulle moes sê, maar in die hof sou die teenparty waarskynlik net die teenoorgestelde sê.³³⁾

29) Quint. 4.1.56-57.

30) Ibid. 4.1.61.

31) Ibid. 4.5.22-4.

32) Ibid. 5.7.26-27.

33) Ibid. 5.13.43.

(v) Die *peroratio* of slot volg. Dit was die geleentheid by uitnemendheid vir 'n beroep op die gevoelens, en dit was hier wat die gebore en geniale redenaar aan die lig gekom het: haat en liefde, meegevoel en afkeer — dit was die gevoelens wat hy in staat moes wees om te wek. Met besondere skerpsinnigheid en mensekennis merk Quintilianus op: „Weliswaar mag logiese bewyse in soverre doeltreffend wees dat hulle die jurielede daartoe bring om ons saak as sterker dan die teenparty s'n te beskou; maar 'n beroep op die gevoelens sal ook nog boonop dit bereik, dat hulle graag sou wil sien dat ons saak sterker moet wees; en wat hulle graag wil sien, dit glo hulle ook.”³⁴⁾

Uit hierdie en die onmiddellik voorafgaande aanhalings sal u afgelei het dat die eis wat Cicero gestel het i.v.m. wat ons sielkundige insig sou noem, nie op papier alleen bestaan het nie, maar dat 'n Quintilianus die toets op hierdie stuk met lof sou deurstaan het. Dis ook eintlik nie so verbasend nie as 'n mens in aanmerking neem hoedat hy en baie ander hulle lesse uit die praktyk geput het, deur direkte kontakte met hulle medemens en onder die grootste verskeidenheid van omstandighede.

B. Wat betref die eise aan taal en styl gestel, merk die skrywers op dat die volgende eienskappe by styl gesoek moet word; dit moet wees: suiwer (d.w.s. vry van barbarismes), helder en sierlik en onder laasgenoemde kan paslikheid ingesluit word. Die keurigheid en presiesheid van die taal wat 'n man besig, is 'n taamlike veilige aanduiding van die peil wat sy innerlike beskawing bereik het. Die Franse gaan sover om te sê „Die styl is die man self.” Maar styl het ook sy nut. Dit verleen bykomende krag aan die waarheid van 'n bewering. Met die volgende treffende vergelyking wys Quintilianus hoe styl, afgesien van die inhoud, 'n saak kan versterk: „Die blote skittering van die swaard boesem die oë met 'n mate van vrees in; en die donderslae as sodanig sou ons minder erg ontstel het, as ons vrees slegs hulle geweldige mag gegeld het, en nie ook nog die bliksemflits nie.”³⁵⁾ Dis 'n beeld wat tot die harte behoort te spreek van u wat 'n land van donderstorms bewoon.

Onder die hoof van styl is daar vir die moderne leser niks so opvallend as die nadruk wat al die skrywers oor die redenaarskuns op ritme lê nie, daar die Romeine 'n besonder skerp geskoolde oor³⁶⁾ vir die lengte van lettergrepe gehad het. Hieruit en ook uit ander uitlatings val te sien hoe duidelik die besef was dat die estetiese genot deur die redenaars verskaf, hoofsaak was. Tog het Quintilianus suiwer die gevare van oordrewe stylbewustheid ingesien; hy het klaarblyklik die oog op die *sententiae*. Sierlikheid van styl moet natuurlik kom. „Gesonde liggame” sê hy „deur 'n goeie bloedsom-

34) Ibid 6.2.5; Cic. de Orat. II.178.

35) Quint. 8.3.5.

36) Cic. de Orat. III.195-7.

geen ernstige bedenking nie. Nie almal wat die kursus voltooi het, wou hulle in die openbare lewe begewe nie: sommige het blote vermaak en estetiese genot beoog, maar aangesien die doel van die stelsel juis *taalbeheersing* was, kon so 'n ongelyksoortige groep daardeur bevredig word.¹³⁾

Ná die elementêre onderrig in lees en skrywe is die seun na die grammaticus gestuur, waar hy in die letterkunde 'n grondslag gekry het. Besondere aandag is aan die digters gewy, meer bepaald die epiëse digters, Homerus en Vergilius. Hulle styl en woordkeuse is uitvoerig behandel — soms selfs afkeurend: die epos was 'n bron waaruit die latere spreker met gemak moes kon put. Saam met die letterkunde is 'n studie van die grammatika gemaak, van Grieks sowel as die moedertaal. Verder is die leerlinge 'n mate van wiskunde en musiek bygebring, hoewel dit as ondergeskik beskou is.¹⁵⁾

Van die grammaticus gaan die leerling na die eintlike leraar in die welsprekendheid, die rhetor, hoewel hy voorlopig die letterkunde-onderwyser nie hoef te laat staan nie, maar by albei gelyktydig les kan neem. Hy kry 'n verskeidenheid oefeninge, veral om sy styl uit te bou: oorbekende verhale moet hy op sy manier bewerk, en waar nodig verfraai. Hy moet algemene temas behandel, die sg. *communes loci*, soos b.v. die skoonheid van vaderlandsliefde, die laagheid van verraad e.d.m.¹⁴⁾ Verder is konkrete probleme uitgedeel om deur die kandidate behandel te word. Vooraf wys die onderwyser op die moontlikhede wat daarin skuil; daarna kritiseer hy die ingelewerde werk; die leerling leer sy produk van buite en deklameer dit voor die lydsame klas.

Daar ouers en ander hierdie oefeninge kon bywoon, het dit dikwels tot 'n dwase — ons sou sê „onsielkundige” — vertoon van ouertrots aanleiding gegee. Die waardige Quintilianus noem met afkeuring gevalle van oordrewe geesdrif onder die leerlinge by so'n deklamasie; sy woorde lui: „Allermens moet aan die seuns toegelaat word, soos in die meeste skole gebeur, om as hulle toejuig op te staan of op te spring Daardie allerverderflikste soort „beleefdheid” soos dit heet, om sonder onderskeid die een die ander op te hemel, is onweloweglik en teatraal; dit hoort nie by 'n skool met 'n goeie toon tuis nie, en dis die dodelikste vyand van studie. Want die besteding van sorg en arbeid blyk oortollik te wees as daar lof vir iedere opgeëf sel wag.”¹⁶⁾

13) Cic. de Orat. I.47 is 'n goeie voorbeeld van hoe die begrip redenaar in sy wydste sin geneem word as gelyk aan woordkunstenaar: Crassus vertel dat hy Plato se „Gorgias” gelees het, „en in hierdie boek het ek Plato overall daarom bewonder omdat hy op my die indruk gemaak het van 'n uitnemende redenaar te wees waar hy met die redenaars die draak steek.” Vgl. verder II.39.

14) Die begrip *communes loci* is in die tale van Wes-Europa letterlik oorgesit. Die Afrikaans „gemeenplaas” is dus geen anglisisme nie; nes Engels „common place” het, is daar in die Duits „Gemeinplatz” en in die Frans „lieu commun.”

15) Oor die noodsaaklikheid van 'n deeglike vooropleiding Quint. 8 pr. 29.
16) Quint. 2.4.16; veral 2.2.9-12.

spreekwyse en die gewoontes deur die groepinstink geïnspireer.”²⁰⁾ Op 'n ander plek gaan hy nog verder en laat een van die sprekers beweer dat hy weliswaar al goeie sprekers (*diserti*) gehoor het, maar nog nooit 'n *eloquens* of werklik welsprekende man teengekom het nie.²¹⁾

Die verklaring lê natuurlik in die moeilikheid van die kuns. Cicero self vat die eise êrens as volg saam: „Want daarby moet ingesluit word die kennis van talryke onderwerpe, by gebrek waarvan vaardigheid van woorde sonder inhoud is en belaglik; verder moet die styl versorg word, nie alleen deur die keuse van die woorde nie, maar ook deur hulle rangskikking, en 'n deeglike kennis moet verkry word van al die gevoelens waarmee die natuur die mense-geslag bedeel het, omdat die hele wese en werking van die kuns juis by die kalmering of opwekking van die toehoorders se gemoedere voor die dag gehaal moet word; daarby moet nog kom 'n mate van humor en geestigheid en die verstandelike ontwikkeling 'n vry man waardig; en in antwoord of aanval 'n ratsheid en gevatheid gepaard met 'n fyn charme en innerlike beskawing; buitendien moet op die geskiedenis van die vergangenheid beslag gelê word en sy rykdom aan voorbeelde; ook moet die kennis van die landswette en die reg nie verwaarloos word nie.”²²⁾ Vervolgens raak hy die belangrikheid van die voordrag aan, asook van die geheue „daardie skatkamer van alle feite.”

Dit kom dan daarop neer dat „die welsprekendheid uit al daardie vermoëns bestaan, waarvan die verwerwing van elkeen afsonderlik 'n groot taak is.” Elders weer illustreer hy dit met 'n vergelyking uit die sportwêreld: „Hoewel ons hierdie kunste nie direk by die beoefening van die welsprekendheid aanwend nie, blyk dit tog heel duidelik of ons daaromtrent onkundig is, dan wel of ons hulle geleer het: soos balspelers by hulle spel nie direk van die behendigheid gebruik maak wat hulle in die worstelskool opgedoen het nie, maar die blote beweging aandui of hulle met die worstelskool kennis gemaak het, of daaromtrent in onwetendheid verkeer . . .”²³⁾

Bostaande is 'n kort opsomming van die omvangrykste eise wat aan die redenaar gestel kan word. Dis die standpunt van Crassus in die „De Oratore,” maar Cicero laat duidelik deurskemer dat hy hom daarmee vereenselwig.²⁴⁾ Dog daar was ander wat aan die begrip redenaar 'n heelwat beperkter inhoud wou toeken, soos b.v. Antonius in die dialoog. Hy gee toe dat dit 'n pragtige ideaal sou wees om al die kennis by die redenaar aan te tref, maar daar is

20) de Orat. I, 12.

21) Ibid. I.94.—Ook Quint. wys hierop (8 pr. 13-5).

22) de Orat. I, 17-18.

23) Ibid I. 128; en 72.

24) Oor die eenheid van die *humanitas*: de Orat. III.21-4. Oor die genietinge van die kuns: Tac. dial. 6 en 22.

loop³⁷⁾ gekenmerk en seur oefening gesterk, verkry hulle sierlikheid uit dieselfde bron as hul klag, want hulle het 'n gesonde kleur, lenige spiere en goedgevormde ledemate; maar as 'n mens nou daardie liggame op 'n onmanlike manier gaan probeer verfraai deur hulle te onthaar en met verf te bestryk, word hulle onooglik — juis deur die inspanning om hulle mooier te maak."

Die vernaamste vereiste van styl is helderheid, deursigtelikheid (*perspicuitas*). Quintilianus stel dit onverbeterlik: „Ons moet sorg dra, nie dat die toehoorder in staat mag wees om te verstaan nie, maar dat dit vir hom heeltemal onmoontlik moet wees om nie te verstaan nie.”³⁸⁾

* * *

Miskien vind u dat Cicero en Quintilianus te veel aan die woord was en die spreker te min. Dit het egter met 'n doel geskied. Dis om u duidelik, deur direkte illustrasie, te laat sien dat die geskifte uit die klassieke oudheid vir ons nog veel kan sê. Maar 'n waarskuwing is nodig. Daar word dikwels van die nalatenskap van die oudheid gepraat; so'n beeld is in een opsig misleidend. Die persoon vir wie 'n erfenis bedoel is, hoef hom gewoonlik heel weinig moeite te getroos; hy hoef as 't ware net te ontvang. Met ons nalatenskap uit die oudheid is dit heel anders gesteld. By die toe-eiening daarvan word heelwat inspanning vereis, omdat dit nou eenmaal so is dat elkeen in die sweet van sy verstand sy kultuurgoed moet bemagtig — *multi sudoris est*.³⁹⁾ 'n Bekende sielkundige, Stern, beweer êrens so in die verbygaan dat die belangstelling in die oudheid bloot sentimenteel⁴⁰⁾ is, m.a.w. so'n bietjie tydverspilling. Maar dit bly tog onteenseglik waar dat die mens nuuskierig is, waar dit die verlede van hom en sy geslag aangaan. Ons moet ongelukkig erken dat daar heelwat gapinge in ons kennis van die klassieke oudheid is, ook in die bes-bekende tydperke. Tog is daar gegewens genoeg om 'n lewenslange studie te regverdig. Die bekoring lê daarin dat 'n mens kort-kort weer besef hoe weinig die menslike geaardheid met sy drifte in die loop van die eeue verander het—dat die *homo sapiens* toe netso weinig *sapiens* was as hy dit vandag is. Daar is 'n Franse spreekwoord wat sê „Hoe meer die wêreld verander, des te meer bly dit presies dieselfde.” Dis hierdie onveranderlike temidde van die veranderlike omstandighede wat die aantreklikheid van die studie uitmaak.

37) Quint 8 pr. 19.—„Bloedsomloop” is 'n anagronistiese vertaling daar Harvey (1578-1658) eers baie eeue ná Quintilianus gebore is. Tog verskil dit nie veel van die teks nie. Vgl. Verg. Aen. II.638 (*integer aevi sanguis*) wat ook op bloeds-
gesondheid wys, en waar dieselfde adj. gebruik word. Ook Tacitus gebruik die beeld i.v.m. 'n gesonde styl (*bonus sanguis*)—dial. 21.

38) Quint. 8.2.22-4; ook 1.6, 41.

39) Cic. de Orat. I.257.

40) Stern, „Psych. of Early Childhood” p. 44.

Maar meer nog. Daar is 'n newe-produk: die bewustheid van die eie taal en presiesheid in die aanwending daarvan. Dink aan Cicero se gewoonte om twee en drie en vier sinomieme na mekaar te gebruik! Wat 'n streng toets is dit nie vir die student se kennis van sy eie taal nie; hoe dikwels lei dit nie tot die eerste kennismaking met die weelde van daardie taal nie! Mense sê soms hulle het *al* hulle Latyn vergeet; ergo, dit was tydverspilling. Maar sulke mense is veel ryker as hulle in hulle dwaasheid vermoed — dis te sê as hul onderwyser of dosent sy sout werd was; want dan is hulle eie taal onberekenbaar verryk en verfyn.

Dit wil my voorkom dat daar by die opleiding van ons toekomstige leiers een belangrike punt verwaarloos word. Dit is meer teoretiese onderrig en studie in die redenaarskuns. Ons het debatsverenigings; dáár word tot 'n mate vir die praktyk gesorg. 'n Universiteit sonder 'n lewendige debatsvereniging kan onmoontlik op die status van 'n *volks*universiteit aanspraak maak. Maar ons het ook 'n studieklub nodig, waar die beroemdste en, wat vorm betref, suiverste redevoeringe ontleed en bestudeer kan word. Die belangstellendes hoef nie klassici te wees nie, daar ook d.m.v. vertalings veel bereik kan word.

* * *

Omdat die Romeine in die geskiedenis van die mensheid die eerste volk ⁴¹⁾ was wat hulle kultuur op 'n vreemde letterkunde gaan bou het, en daardeur hul eie taal verryk het, was dit van belang om 'n bietjie by hulle ondervinding stil te staan. Dit het vir my des te meer noodsaaklik voorgekom om hierdie saak aan te roer daar ons as volk nog nie bewus genoeg met ons taal omgaan nie. Ons moet leer om die moontlikhede daarvan uit te buit; om nie iets neer te skryf as dit nie die beste is waartoe ons in staat is nie; om alle moontlikhede van sinswending en uitdrukking na te vors, die sin herhaalde male om te gooi, totdat dit ook ritmies die maksimum bevrediging sal gee; en waar moontlik — *nonumque prematur in annum*. ⁴²⁾ Hierby kan die studie van die klassieke vir ons 'n groot diens bewys. Gaan ná hoeveel van die groot figure in die letterkunde van Wes-Europa nie in die klassieke gedrenk was nie; u sal vind dat hul getal klein is. Dink aan die ander kant aan Shakespeare, Keats, Vondel, Goethe, Racine, Dante en, nader aan ons, Kloos. Dink ten slotte aan Quintilianus se woorde oor die belangrikheid van die taal: „Hoe weinig baat 'n voortreflike verstand die dowes? En daarom, as ons van die gode niks beters as ons spraak ontvang het nie, wat sou ons dan so werd ag om met toewyding ontwikkel te word? Of in watter dienskap sou ons eerder ons medemens wil oortref as juis daardie een waarin die mense die meerderes van die ander lewende wesens

41) Wilkins, „Roman Educ.” p. 20.

42) Horat. Ars Poet. 388.

is? En dit soveel te meer daar inspanning in die geval van geen ander kuns ryker vergoeding bring nie." ⁴³⁾

Om die leersaamheid van sy inhoud is Quintilianus se woorde dikwels hierbo aangehaal. Maar daar is ook 'n ander, suiwer historiese, rede wat dit paslik maak dat daar by hierdie geleentheid na hom verwys word. Hy was, sover ons weet, die eerste dosent in Latyn wat deur die staat gesalarieer is — nā sy amptelike benoeming deur Keiser Vespasianus (69-79 n.Chr.) ⁴⁴⁾ In 'n sekere sin was hy dus, onder heel ander omstandighede en in 'n heel ander omgewing, my voorganger in die stoel wat u aan my aan hierdie Universiteit toevertrou het. Vir hom was dit hoofsaak om ander so op te lei dat hulle sy eie taal, Latyn, met trots en sierlikheid kon gebruik; vir ons is die verryking en suiwering van die moedertaal wel bysaak, maar tog minstens die vernaamste bysaak.

Om sy doel te bereik het hy o.a. van 'n taal gebruik gemaak wat op kultuurgebied ouer as sy eie was; so bestudeer ook ons 'n veel ouer medium, en een waaruit daar vir 'n jong taal veel wasdom te put is. En waar hy Cicero meestal met 'n byna huiwerende eerbied beskou, sou dit aan sy piëteit, en terselfdertyd aan die verdienste van Rome se grootste redenaar reg laat geskied as ek hierdie rede met die volgende aansporing van Cicero aan die studente afsluit: „En gaan daarom voort, soos julle doen, en lê julle toe op daardie studie waarmee julle besig is, sodat julle juisself tot eer kan strek, en julle vriende tot nut en die maatskappy tot voordeel” — *Quam ob rem pergite, ut facitis, adulescentes, atque in id studium in quo estis, incumbite, ut et vobis honori, et amicis utilitati et rei publicae emolumento esse possitis.*” ⁴⁵⁾

43) Quint. 2.16.15-9. Vgl. Tac. dial: 6 en 22, Cic. de Orat. I:30-33,

44) Sy aanstelling word deur Wilkins „Roman Educ.” 93-4 bespreek.

45) de Orat. I.34.